# BEHEREND BEPERK

BEHEREND BEPERK
BEHEREND BEPERK



NIE-GEOUDITEERDE
GEKONSOLIDEERDE
TUSSENTYDSE
## FINANSIËLE STATE
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG
31 OKTOBER 2023

BEPERK

# NWK BEHEREND BEPERK

BEHEREND BEPERK

## BEHEREND BEPERK

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 1998/007243/06)
CTSE aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

## NIE-GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2023

2 DIREKTEURSVERSLAG
4 STAAT VAN FINANSIËLE STAND
5 STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
6 STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT
7 KONTANTVLOEISTAAT
8 AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state is nie geouditeer of onafhanklik nagesien nie, is deur H van der Westhuizen voorberei, op 30 November 2023 deur die direksie goedgekeur en op 30 November 2023 gepubliseer. Hierdie verslag is in Engels en Afrikaans gepubliseer. Indien enige teenstrydighede tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van die verslag voorkom, moet die Engelse weergawe as die korrekte weergawe beskou word.

# DIREKTEURSVERSLAG

vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023

Die direksie doen in dié verslag, wat as deel van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state aangebied word, verslag oor die finansiële stand van die maatskappy, sy filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings soos op 31 Oktober 2023, die resultate van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die ses maande op daardie datum geëindig.

## Verklaring van verantwoordelikhede

Die direksie is verantwoordelik vir die finansiële state. Ingevolge dié verantwoordelikheid is dit die plig van die direkteure om te verseker dat die finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde voorberei is. Die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde vereis dat die direkteure die lopendesaakbeginsel by die voorbereiding van finansiële state ondersoek, toepaslike rekeningkundige beleid identifiseer om bates, laste, inkomste en uitgawes te verantwoord, oordeel gebruik en ramings en aannames aangaande die toekoms maak.

## Interne finansiële beheerstelsel

Die direksie is verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en instandhouding van 'n doeltreffende interne finansiële beheerstelsel. Die interne finansiële beheerstelsel bestaan uit alle interne beleids- en finansiële beheermaatreëls en is ontwerp om die integriteit van finansiële inligting te verseker, dit wil sê om redelike sekerheid te verskaf dat transaksies volgens beleid en prosedures aangegaan word, bates beskerm word, foute en bedrog voorkom word, die rekeningkundige rekords en finansiële verslae volledig en akkuraat is, en die toepaslike wetsbepalinge, finansiële verslagdoeningstandaarde, noteringsvereistes en kodes nagekom word. Die direksie is verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van 'n onafhanklike ouditkomitee en dit is sy plig om te verseker dat die groep oor 'n onafhanklike interne ouditfunksie beskik wat die nodige hulpbronne en kundigheid het, doeltreffend is en 'n risikogegronde ouditbenadering volg.

## Finansiële en bedryfsoorsig

Gunstige landboutoestande gedurende die 2022/2023-produksiejaar, gepaardgaande met midsomerdroogte en uitermate hoë temperature, tesame met 'n gedrewe groeistrategie, het gemengde suksesse vir die groep gelewer. Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023 het die groep 'n inkomste van R2 897 miljoen (Oktober 2022: R2 233 miljoen) en 'n wins van R133 miljoen (Oktober 2022: R179 miljoen) gerealiseer.

Bogemiddelde reënval oor die gebied in die voorafgaande produksieseisoen het tot baie goeie graanproduksie gelei, wat die groep in staat gestel het om een van die grootste oeste in sy bestaan in ontvangs te neem. Die graan- en oliesadekwaliteit het na normaal teruggekeer, in teenstelling met die vorige seisoen se swak grade. Die graansegment het dus baie goed presteer. Laer-as-verwagte graanpryse, tesame met hoë insetkoste en wesenlike hoër rentekoerse, het produsente se winsgewendheid negatief beïnvloed.

Die handelsegment is onder druk vergeleke met die vorige jaar. Tans kan duidelik gesien word dat produsente 'n baie konserwatiewe koopbenadering volg, hoofsaaklik as gevolg van die druk op winsgewendheid en ook die moontlikheid van 'n El Niño-effek vir die komende plantseisoen. Ons landbouchemiese departement se resultate tot op datum is teleurstellend, hoofsaaklik as gevolg van 'n voortdurende afname in landbouchemiese produkpryse vanaf Augustus 2023 tot November 2023. Ons is genoop om aansienlike aanpassings na netto realiseerbare waarde te maak op items steeds in voorraad.

Kunsmisverkoopsvolumes is bevredigend, met marges wat ook onder druk kom weens redes soortgelyk aan dié wat tot landbouchemiese produkte se marges gelei het. Netto realiseerbare waarde-aanpassings op voorraad word egter nie nodig geag nie. Kalkverkope is laer weens laer hoeveelhede landboukalk benodig om grondregstellings te doen.

Meganisasie het aanvanklik uitstekend presteer, maar plat vinnig af. Voorraadbestuur van meganisasievoorraad geniet aandag, gegewe die verwagte verlangsaming van die landboumasjineriemark.

Hoër rentekoerse het 'n negatiewe impak aan die kostekant van die groep deur groeiende leningsfasiliteite, maar eie fondse het weer as gevolg van die hoër rentekoerse 'n positiewe impak deur die tesouriedepartement. Die finansieringsdepartement presteer ook na wense. Die hoofkantoorkoste is onder beheer en styg teen laer as inflasie met die uitsluiting van prestasiebonusse.

Swak dienslewering deur die plaaslike regering op die platteland begin 'n groot risiko inhou vir almal wat op 'n volhoubare basis besigheid wil doen. Padinfrastruktuur, elektrisiteitsvoorsiening en munisipale dienste begin in duie stort. In Lichtenburg veral word die groep wesenlik geraak deurdat die elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk vir twee van die ses maande buite werking was, uitgesluit die beurtkrag wat ook gedurende die wintermaande geheers het.

Hierdie gebeurtenis het 'n beduidende uitwerking op Epko Oil Seed Crushing, gehad. Dié maatskappy gaan vir 'n groot deel van die finansiële jaar nie kan pers nie en ons kan verwag dat die resultate negatief gaan eindig. Die direksie van Epko is reeds 'n geruime tyd besig om alternatiewe elektrisiteitsvoorsiening of opwekking te ondersoek en 'n finale besluit sal waarskynlik vroeg in 2024 geneem word. Gepaardgaande met die negatiewe impak van 'n gebrek aan betroubare elektrisiteitsvoorsiening is persmarges ook onder geweldige druk, met sterk kompetisie van ingevoerde sonneblomruolie en 'n laer vraag na sonneblommeel weens onder andere die voëlgriep-epidemie, wat Suid-Afrika se pluimveebedryf negatief raak. Bo en behalwe die alternatiewe elektrisiteitsvoorsiening wat ondersoek word, is die Epko-direksie ook besig met die ondersoek en implementering van diversifikasiestrategieë om markrisiko's te verminder.

Addisionele brandstofgebruik vir kragopwekkers gedurende die ses maande, oorskry so te sê die totale koste hiervan vir die 2023- finansiële jaar. Dit is baie duidelik dat die nasionale regering hulle verantwoordelikheid teenoor die burgers van die land versaak.

Die Bastion-groep, NWK4Sure en Molemi Sele presteer na wense en lewer 'n konstante bydrae tot die winsgewendheid van die groep. Die totale groepresultate is laer as die vorige vergelykende periode en ons voorsien dat die jaarresultaat dieselfde tendens sal toon.

## Vooruitsigte

Langtermynweervoorspellings dui op 'n El Niño-effek vir die volgende paar jaar. Die verskynsel is nie nuut in Noordwes nie en is ons al deur verskeie sulke jare. Die groep het reeds beplannings om op so 'n siklus voorbereid te wees. Ons sal ook verder fokus op die risiko's wat as gevolg van die swak plaaslike dienslewering in ons plattelandse gebiede vir die groep bestaan.

## Dividende

Die direksie het op 30 November 2023 'n dividend van 35 sent per aandeel – R38 miljoen in totaal – vir uitkering aan die aandeelhouers verklaar.

## Goedkeuring

Die direkteure is van mening dat die gekonsolideerde tussentydse finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dat dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet, en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde voorberei is. Die direkteure is van mening dat die rekeningkundige beleid toepaslik is, die wesenlike onsekerhede verbonde aan die voorbereiding van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behoorlik beoordeel is, en dat ramings en aannames redelik, omsigtig en onbevooroordeeld is en die beskikbare en toepaslike inligting in ag neem. Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023, soos op bladsy 1 tot 12 uiteengesit, is op 30 November 2023 deur die direksie goedgekeur en word namens die direksie onderteken deur:

**L Vermooten**
**Direkteur**

30 November 2023

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

# STAAT VAN FINANSIËLE STAND

FINANSIËLE STAND
FINANSIËLE STAND

**soos op 31 Oktober 2023**

| | Oktober 2023 R'm | April 2023 R'm (Ge-oudit) | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|---|
| Niebedryfsbates | **1 489** | 1 351 | 1 263 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **925** | 832 | 576 |
| Beleggingseiendom | **13** | 12 | 9 |
| Ontasbare bates | **73** | 42 | 33 |
| Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | **90** | 80 | 246 |
| Belegging in ekwiteitsinstrumente | **5** | 5 | 5 |
| Lenings en verhuringsdebiteure | **366** | 358 | 377 |
| Uitgesteldebelasting-bates | **17** | 22 | 17 |
| Bedryfsbates | **7 153** | 4 363 | 7 183 |
| Voorraad | **1 366** | 1 097 | 1 256 |
| Landboukommoditeite | **4 344** | 1 092 | 4 726 |
| Handels- en ander debiteure | **1 283** | 2 019 | 1 036 |
| Voorafbetaalde uitgawes | **2** | 4 | 4 |
| Bates uit kontrakte met klante | **37** | 3 | 41 |
| Fidusiêre bates | **-** | 1 | - |
| Finansiële bates teen billike waarde deur wins of verlies | **60** | 100 | 104 |
| Lopendebelasting-bate | **2** | - | - |
| Kontant en kontantekwivalente | **59** | 47 | 16 |
| Niebedryfsbates vir verkoop gehou | **-** | - | 5 |
| Totale bates | **8 642** | 5 714 | 8 451 |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy | **1 998** | 1 905 | 1 838 |
| Aandelekapitaal | **174** | 196 | 196 |
| Verdeelbare reserwes | **1 824** | 1 709 | 1 642 |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan niebeherende belange | **7** | - | - |
| Totale ekwiteit | **2 005** | 1 905 | 1 838 |
| Niebedryfslaste | **266** | 276 | 62 |
| Voorsienings | **16** | 15 | 14 |
| Langtermynlenings | **136** | 179 | - |
| Huurverpligtinge | **75** | 42 | 48 |
| Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede | **39** | 40 | - |
| Bedryfslaste | **6 371** | 3 533 | 6 551 |
| Handels- en ander krediteure | **959** | 770 | 989 |
| Oplopende vergoede afwesighede | **40** | 37 | 39 |
| Laste uit kontrakte met klante | **77** | 55 | 95 |
| Korttermynvoorsienings | **-** | 4 | 17 |
| Korttermyngedeelte van langtermynlening | **49** | 23 | - |
| Korttermyngedeelte van huurverpligtinge | **67** | 38 | 37 |
| Lopendebelasting-verpligting | **4** | 7 | 8 |
| Finansiële laste teen billike waarde deur wins of verlies | **1 557** | 684 | 1 066 |
| Korttermynlenings | **2 638** | 416 | 3 324 |
| Bankoortrekkings | **980** | 1 499 | 976 |
| Totale ekwiteit en laste | **8 642** | 5 714 | 8 451 |

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

# STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

OMVATTENDE INKOMSTE

## OMVATTENDE INKOMSTE

**vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023**

| | Aantekening | Oktober 2023 R'm | Oktober 2022# R'm |
|---|---|---|---|
| Inkomste | | **2 897** | 2 233 |
| Bedryfswins voor finansieringskoste | 11 | **315** | 288 |
| Finansieringskoste | | **(161)** | (106) |
| Bedryfswins | | **154** | 182 |
| Proporsionele deel van die wins van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings | | **19** | 46 |
| Voorbelastingwins | | **173** | 228 |
| Belasting | | **(40)** | (49) |
| Wins vir die tydperk | | **133** | 179 |
| Ander omvattende inkomste | | | |
| *Items wat nie na wins of verlies geherklassifiseer kan word nie:* | | **-** | 4 |
| Billikewaarde-aanpassing van die belegging in ekwiteitsinstrumente | | **-** | - |
| Billikewaarde-aanpassing van die belegging in gesamentlike ondernemings | | **-** | 4 |
| Totale omvattende inkomste vir die tydperk | | **133** | 183 |
| Wins toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy | | **133** | 179 |
| Wins toeskryfbaar aan niebeherende belange | | **-** | - |
| Wins vir die tydperk | | **133** | 179 |
| Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy | | **133** | 183 |
| Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan niebeherende belange | | **-** | - |
| Totale omvattende inkomste vir die tydperk | | **133** | 183 |

## Verdienste per aandeel

| | Oktober 2023 Sent | Oktober 2022 Sent |
|---|---|---|
| Basiese en verwaterde verdienste | **131** | 172 |

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel is gegrond op die gekonsolideerde wins van R133 miljoen (Oktober 2022: R179 miljoen) toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 101 091 429 aandele (Oktober 2022: 103 580 291 aandele).

**# Herstatering – verwys na nota 15**

STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

# STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

VERANDERINGS IN EKWITEIT

VERANDERINGS IN EKWITEIT

**vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023**

| | Oktober 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|
| Beginsaldo | **1 905** | 1 681 |
| Totale omvattende inkomste vir die tydperk | **133** | 183 |
| Wins vir die tydperk | **133** | 179 |
| Ander omvattende inkomste | **-** | 4 |
| Ekwiteit toeskryfbaar aan nie-beherende belange | **7** | - |
| Aandeleterugkoop | **(22)** | - |
| Dividende | **(18)** | (26) |
| Ekwiteit aan die einde van die tydperk | **2 005** | 1 838 |

## Dividende betaal

| | Oktober 2023 Sent | Oktober 2022 Sent |
|---|---|---|
| Dividend per aandeel betaal | **17** | 25 |

Dividende van 17 sent en 25 sent per aandeel, is onderskeidelik in Augustus 2023 en Augustus 2022, betaal.

# KONTANTVLOEISTAAT

KONTANTVLOEISTAAT
KONTANTVLOEISTAAT
KONTANTVLOEISTAAT

## vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023

| | Aantekening | Oktober 2023 R'm | Oktober 2022# R'm |
|---|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | | **(1 489)** | (2 118) |
| Kontantvloei uit bedrywighede | | **(1 382)** | (1 997) |
| Finansieringsinkomste | | **106** | 66 |
| Finansieringskoste | | **(161)** | (106) |
| Belasting betaal | | **(34)** | (55) |
| Dividende betaal | | **(18)** | (26) |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | | **(134)** | (104) |
| Eiendom, aanleg en toerusting verkry | | **(127)** | (79) |
| Bates en laste deur besigheidskombinasies verkry | 7 | **(7)** | (25) |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | | **1 635** | 2 226 |
| Toename/(afname) in bankoortrekking | | **(519)** | (235) |
| Terugbetaling van langtermynlening | | **(25)** | - |
| Aandeleterugkoop | | **(22)** | - |
| Huurverpligtinge betaal | | **(21)** | (12) |
| Korttermynlenings | | **2 222** | 2 473 |
| Verandering in kontant en kontantekwivalente | | **12** | 4 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | | **47** | 12 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | | **59** | 16 |

**# Herstatering – verwys na nota 15**

# AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

AANTEKENINGE
AANTEKENINGE

**vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2023**

## 1. Rekeningkundige beleid

Die rekeningkundige beleid en beginsels wat by die voorbereiding van die tussentydse gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem in alle wesenlike opsigte ooreen met dié wat in die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2023 toegepas is.

## 2. Lopendesaakbeginsel

By die voorbereiding van finansiële state ondersoek die direksie op grond van die betrokke finansiële state onder oorsig die finansiële stand, resultate en verhoudings van die groep, sy kapitaalbehoeftes, finansiële verpligtinge en die vereffeningsdatums daarvan, leningsooreenkomste, beskikbare fasiliteite, finansiële bates en die verhaalbaarheid daarvan, kontantgenererende bates en kontantvloei, sowel as die algemene ekonomiese en landboutoestande, heersende en verwagte marktoestande, politieke klimaat en ander beduidende volhoubaarheidsaangeleenthede. Die direkteure is van mening dat die maatskappy 'n lopende saak is, gevolglik is die gekonsolideerde tussentydse finansiële state volgens die lopendesaakbeginsel voorberei.

## 3. Seisoenale besigheid

Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Dié doelstelling veroorsaak dat die inkomste wat die groep verdien en die daaruitvoortspruitende wins of verlies aan die seisoenale aard van landbouaktiwiteite blootgestel is. Landboukommoditeite word meestal in die eerste ses maande van 'n finansiële jaar ontvang. Daarteenoor styg die inkomste wat die kleinhandel-, meganisasie- en kunsmisdepartemente verdien in die laaste ses maande van 'n finansiële jaar wanneer somergewasse geplant word. Tradisioneel presteer die groep se sleutelbesighede beter in die laaste deel van 'n finansiële jaar, onderworpe aan klimaatstoestande, die oesopbrengste van produsente en kommoditeitspryse.

Dit is nie net die finansiële resultate van die groep wat seisoenaal van aard is nie – die staat van finansiële stand en kontantvloei word ewe-eens wesenlik deur die seisoenale aard van landbou-aktiwiteite beïnvloed. As voorbeeld is die vlakke van lenings en debiteure tradisioneel laer teen die einde van Oktober, wanneer die produksieskuld van die vorige seisoen vereffen is, gemeet teen die einde van April, wanneer die nuwe produksieseisoen gefinansier word.

Daarteenoor is voorraadvlakke, en veral die vlakke van landboukommoditeite, tradisioneel hoër teen die einde van Oktober, vergeleke met dié teen die einde van April. Die seisoenale skommelings in vlakke van voorraad, landboukommoditeite en handels- en ander debiteure, saam met die skommelings in die vlakke van die bank- en korttermynlenings waarmee die bates gefinansier word, is dan ook die rede waarom die groep met die aanbieding van sy gekonsolideerde tussentydse finansiële state 'n staat van finansiële stand teen die einde van die vergelykende tydperk van die vorige jaar aanbied, ten spyte daarvan dat die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde dit nie vereis nie.

## 4. Billikewaarde-hiërargie van finansiële bates en laste wat op 'n herhalende grondslag teen billike waarde gemeet word

| | Oktober 2023 R'm | April 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|---|
| Beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste | **5** | 5 | 5 |
| Billike waarde met vlak een-insetdata gemeet | **1** | 1 | 1 |
| Billike waarde met vlak twee-insetdata gemeet | **1** | 1 | 1 |
| Billike waarde met vlak drie-insetdata gemeet | **3** | 3 | 3 |
| Finansiële instrumente teen billike waarde deur wins of verlies met vlak een-insetdata gemeet | **(1 497)** | (584) | (962) |
| Netto billike waarde van die bates en laste wat teen billike waarde gemeet word | **(1 492)** | (579) | (957) |

## 5. Billikewaarde-hiërargie van finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word

| | Oktober 2023 R'm | April 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|---|
| Lenings en verhuringsdebiteure | **366** | 358 | 377 |
| Handels- en ander debiteure | **1 283** | 2 019 | 1 036 |
| Kontant en kontantekwivalente | **59** | 47 | 16 |
| Billike waarde met vlak twee-insetdata gemeet | **1 708** | 2 424 | 1 429 |

## 6. Billikewaarde-hiërargie van finansiële laste wat teen geamortiseerde koste gemeet word

| | Oktober 2023 R'm | April 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|---|
| Huurverpligtinge | **142** | 80 | 85 |
| Handels- en ander krediteure | **959** | 770 | 989 |
| Korttermynlenings | **2 638** | 416 | 3 324 |
| Bankoortrekkings | **980** | 1 499 | 976 |
| Billike waarde met vlak twee-insetdata gemeet | **4 719** | 2 765 | 5 374 |

## 7. Besigheidskombinasies

| | Oktober 2023 R'm | April 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|---|
| Billike waarde van verkreë bates | **20** | 426 | 12 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **1** | 220 | 12 |
| Klandisiewaarde | **14** | - | - |
| Voorraad | **-** | 24 | - |
| Kontant- en kontantekwivalente | **-** | 34 | - |
| Finansiële bates | **5** | 148 | - |
| Billike waarde van verkreë laste | **(15)** | (68) | - |
| Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede | **-** | (40) | - |
| Langtermynlenings | **(12)** | - | - |
| Korttermynlenings | **-** | (28) | - |
| Finansiële laste | **(3)** | - | - |
| Bates en laste van verkreë filiale en sake-eenhede | **5** | 358 | 12 |
| Klandisiewaarde erken as deel van besigheidskombinasie | **21** | 13 | 13 |
| Nie-beherende belang in NWK4Sure Brokers Eiendoms Beperk | **(6)** | - | - |
| Min verkoop teen billike waarde van belang voorheen gehou in | **(13)** | (173) | - |
| Epko Oil Seed Crushing Eiendoms Beperk | **-** | (173) | - |
| NWK4Sure Brokers Eiendoms Beperk | **(13)** | - | - |
| Bates en laste deur besigheidskombinasies verkry | **7** | 198 | 25 |
| Kontant betaalbaar met verkryging van Epko Oil Seed Crushing Eiendoms Beperk | **-** | 173 | - |
| Kontant betaal met verkryging van NWK4Sure Brokers Eiendoms Beperk | **7** | - | - |
| Sake-eenhede | **-** | 25 | 25 |
| Bates en laste deur besigheidskombinasies verkry | **7** | 198 | 25 |

## 7. Besigheidskombinasies (vervolg)

NWK4Sure Brokers Eiendoms Beperk (voorheen NWK and IP Makelaars Eiendoms Beperk) het die afgelope 30 jaar as korttermynversekering-diensverskaffer gespesialiseer. Die maatskappy is tans besig om uit te brei deur lewensversekeringsdienste asook boedelbeplanning en bereddering by te voeg. NWK Beperk, as 'n strategiese vennoot en belegger, het die geleentheid aangegryp om sy inkomste uit finansiële dienste te verhoog deur sy belang in NWK4Sure Brokers Eiendoms Beperk met 'n verdere 26% te verhoog. Hierdie bykomende belang is op 1 Mei 2023 vir die koopprys van R7 miljoen verkry. Ná die verkryging het die groep 'n belang van 76%. NWK4Sure Brokers Eiendoms Beperk is gevolglik nou 'n filiaal van die groep.

## 8. Korporatiewe inligting

NWK Beherend Beperk is 'n genoteerde openbare maatskappy geregistreer in die Republiek van Suid-Afrika met registrasienommer 1998/007243/06. Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Voortspruitend uit hierdie doelwit spesialiseer die groep in die berging, hantering en bemarking van landbouprodukte, bedryf winkels as handelaar in boerderybenodigdhede en verbruikersgoedere en verskaf finansiering aan landbouprodusente en ander klante. NWK Beherend Beperk beoefen sy hoofaktiwiteite vanaf sy geregistreerde kantoor, naamlik Scholtzstraat 81, Lichtenburg, Noordwes, Republiek van Suid-Afrika. Die maatskappy se aandele verhandel op die verhandelingsplatform van The Cape Town Stock Exchange Eiendoms Beperk. The Cape Town Stock Exchange Eiendoms Beperk-aandelekode is 4ANWKH en die maatskappy se Internasionale Sekuriteitsidentifikasienommer is ZAE400000028. Mevrou AM van Rooyen is die maatskappysekretaris, CTSE Registry Services Eiendoms Beperk is die oordragsekretaris en Deloitte & Touche tree as die maatskappy se eksterne ouditeur op.

## 9. Segmentele verslagdoening

Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Die bedryfsaktiwiteite van die groep word vir bestuursdoeleindes in verskeie segmente verdeel, naamlik landboukommoditeite, handel, finansiële dienste en oliepers. Die samestelling van die segmente is op die tipe produkte en dienste wat gelewer word, die klantebasis wat bedien word en die segmentsamestellings van ander landboumaatskappye gegrond.

## 10. Segmentele inkomste en wins of verlies

| | Inkomste | | Wins of verlies | |
|---|---|---|---|---|
| | Oktober 2023 R'm | Oktober 2022# R'm | Oktober 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
| Landboukommoditeite | **551** | 428 | **168** | 165 |
| Handel | **1 832** | 1 742 | **17** | 76 |
| Finansiële dienste | **96** | 56 | **68** | 53 |
| Oliepers | **405** | - | **3** | 32 |
| Korporatief | **13** | 7 | **(83)** | (98) |
| Segmentele inkomste en wins | **2 897** | 2 233 | **173** | 228 |
| Bedrae in die staat van omvattende inkomste getoon | **2 897** | 2 233 | **173** | 228 |

**# Herstatering – verwys na nota 15**

## 11. Bedryfswins voor finansieringskoste

| | Oktober 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|
| Bedryfswins voor inagneming van die uitgawes hieronder | **352** | 294 |
| Afskrywing van voorraad tot netto realiseerbare waarde | **(33)** | (4) |
| Kredietverliese op finansiële bates | **(4)** | (2) |
| Bedryfswins voor finansieringskoste | **315** | 288 |

## 12. Verwante partye

NWK Beherend Beperk het geen beheermaatskappy nie. NWK Beperk, Epko Oil Seed Crushing Eiendoms Beperk, Mogaladi Fuel Eiendoms Beperk en NWK4Sure Brokers Eiendoms Beperk is filiale van die maatskappy. Alhoewel die maatskappy geen aandele in The NWK Loyalty Programme Trust hou nie, beheer die maatskappy die trust. Gevolglik word hierdie bewind trust ook as 'n filiaal geklassifieer. NWK Beherend Beperk se gesamentlike ondernemings sluit in Bastion Lime Eiendoms Beperk en Molemi Sele Management Eiendoms Beperk.

Epko Oil Refinery Eiendoms Beperk, 'n volfiliaal van die groep, is in die proses om gederegistreer te word.

Die direkteure van die maatskappy sluit in menere AS Badenhorst, RJ Boëttger, JJ du Preez, JP du Preez, PN Jansen van Vuuren, H Krüger, J Mahne, MW Schoeman, CF van Niekerk en L Vermooten. Die groep se ander sleutelpersoneel sluit in menere DJ Coetzee, PB Coetzer, JL du Rand, DPG Kleingeld, TB Modise, TE Rabe en AJ van Tonder, sowel as mevrou AM van Rooyen.

## 13. Verwanteparty-transaksies

| | Oktober 2023 R'm | Oktober 2022 R'm |
|---|---|---|
| Inkomste verdien uit verwante partye | **32** | 31 |
| Direkteure | **25** | 25 |
| Ander sleutelpersoneel | **7** | 5 |
| Gesamentlike ondernemings | **-** | 1 |
| Finansieringsinkomste verdien uit gesamentlike ondernemings | **-** | 1 |
| Landboukommoditeite by verwante partye gekoop | **181** | 127 |
| Direkteure | **163** | 115 |
| Ander sleutelpersoneel | **18** | 12 |
| Landboukommoditeite aan gesamentlike ondernemings verkoop | **-** | 794 |
| Waarde van transaksies met verwante partye | **213** | 953 |

## 14. Gebeure ná die verslagdoeningstydperk

Die direkteure is nie bewus van enige gebeure ná die verslagdoeningstydperk wat nie reeds in die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behandel is en wat 'n wesenlike invloed op die gekonsolideerde tussentydse finansiële state het nie.

## 15. Herstatering

### Herstatering van wins of verlies

Gedurende die 2023 finansiële jaar het die groep die beginsels waarvolgens inkomste in die staat van wins of verlies geklassifiseer word, soos uiteengesit in IAS 1 par. 99, heroorweeg. Dit het 'n herstatering van die staat van wins of verlies vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2022 tot gevolg gehad. Gevolglik moet die staat van omvattende inkomste vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2022 ook geherstateer word.

Die aansuiwering is die netto billikewaarde-wins op graanverhandeling, wat voorheen as ander winste en verliese geklassifieer was, en nou as deel van inkomste erken word.

Bedryfswins, voorbelastingwins, netto wins vir die jaar en verdienste per aandeel het nie verander nie.

Die effek van die herstatering is as volg:

| | 31 Oktober 2022 Herstatering | | |
|---|---|---|---|
| | Voor herstatering | Aansuiwering | Herstateer |
| | R'm | R'm | R'm |
| Inkomste | 2 033 | 200 | 2 233 |

### Herstatering van kontantvloeistaat

Gedurende die 2023 finansiële jaar het die groep die beginsels waarvolgens 'n bankoortrekking in die kontantvloeistaat geklassifiseer word, soos uiteengesit in IAS 7 par. 8, heroorweeg. Dit het 'n herstatering van die kontantvloeistaat vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2022 tot gevolg gehad. Gevolglik moet die kontantvloeistaat vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2022 ook geherstateer word. Die bankoortrekking was voorheen as kontant- en kontantekwivalente geklassifiseer.

Die staat van finansiële posisie, staat van omvattende inkomste en staat van veranderings in ekwiteit het nie verander nie.

Die effek van die herstatering is as volg:

| | 31 Oktober 2022 Herstatering | | |
|---|---|---|---|
| | Voor herstatering | Aansuiwering | Herstateer |
| | R'm | R'm | R'm |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **2 461** | **(235)** | **2 226** |
| Afname in bankoortrekking | - | (235) | (235) |
| Verandering in kontant en kontantekwivalente | 239 | (235) | 4 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | (1 199) | 1 211 | 12 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | (960) | 976 | 16 |